*Vrydag* **7 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 5:17-29 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Lukas 5:25, 26**

**Loof die Here as die Almagtige Verlosser**

Die Here Jesus het nie in die eerste plek aarde toe gekom om mense gesond te maak nie, maar om hulle verhouding met God te herstel. Hy het gekom om dooie harte en nie siek liggame nie, te genees.

Nogtans het Hy groot deernis gehad vir almal wat weens ongesteldhede pyn en lyding verduur het en het die wat sy hulp opgesoek het, nooit weggewys nie. Ongeredde mense wat deur God aangeraak word, praat oor hulle genesing; geredde mense loof die Geneser. Ongeredde mense storm vorentoe om die nuwe lewe aan te gryp; geredde mense prys die Here om eer te bring aan hulle Redder, om met ’n luide stem die “Seun van die Mens” te prys. Sy selfbenaming wys Hy het die volmag om sondes te vergewe – dit is sy groot taak waarvoor Hy gekom het.

Dit impliseer ook Jesus se goddelikheid en hemelse oorsprong, want dit is net God wat sondes kan vergewe. Die geneesde verlamde staan onmiddellik voor hulle oë op, as bewys van Jesus se volmag om te vergewe en te genees. Die lamme, wat op sy bed gedra is, dra nou sy bed en gaan al prysende na sy huis as getuienis dat Jesus se werk God se werk is. So verkondig hy in sy lofsang sy nuutgevonde geloof in Jesus se almag. Almal teenwoordig breek in lofsang uit, want hulle is met diepe ontsag vervul deur die wondergenesing en die sondevergifnis deur die Seun van die Mens. Daarom sê hulle: Vandag het ons *paradoksa* gesien (teenstrydige dinge, wat moeilik is om te glo – ongelooflike dinge).

Die Fariseërs en wetsgeleerdes verwerp die Seun van die Mens wanneer Hy aan die kruis versoening doen. Hulle verwerp die wonder van die opstanding en die hemelvaart. Die vreugde van gemeenskap met God deur die Heilige Gees is vir hulle afstootlik. Ken jy die vreugde van volkome verlossing, en hoe loof jy die Here vir jou verlossing?

*Sing: Psalm 89-1:1*

*Ds. SP (Sarel) Venter (Pietersburg)*